Skenker



*MNR. JOHAN GROBBELAAR, radiotegnikus en lid van die span van 25 wat gister op die R.S.A. na Antarktika vertrek het, lê hier ewe rustig en ontspan terwyl hy 'n pint bloed skenk. Dit was die eerste keer dat hy bloed skenk. Byna die hele span, wat bestaan uit sestien Suid-Afrikaners en nege Belge, het gisteroggend by die W.P.-Bloeddiens bloed geskenk voordat die manne gistermiddag laat na die koue Suidpool vertrek het.*

# SUIDPOOLSKIP OP PAD MET NUWE SPAN

**Deur Ons Skeepsverslaggewer**

DIE navorsingskip R.S.A. wou gisteraand uit sy nate bars toe hy met die Suidpoolspan en die Belgiese span na Antarktika vertrek het. Elke duim ruimte was gevul met voorrade vir die basis, vliegtuie en toerusting vir die navorsers.



*DR. T. VAN AUTENBOER, leier van die Belgiese Suidpoolspan, het sy vriend Bamse, die sleehond, in Kaapstad teruggevind. Die hond het hom dikwels op sy togte na die berge by die Belgiese Suidpoolbasis vergesel. Bamse het die afgelope jaar in Pretoria deurgebring.*

Familie en vriende het mekaar verdring om afskeid te neem van die sestien Suid-Afrikaners wat vir 'n jaar na SANAE gaan.

Hierdie span sal die laaste wees wat in die hutte by SANAE sal bly. Die woonkwartiere is glo nou al so diep met lae ys bedek dat 'n nuwe „woonbuurt" vir aanstaande jaar se span opgerig sal moet word. Die houthuise sal in die loop van die jaar in Suid-Afrika vervaardig word en op die volgende vaart na die basis vervoer word.

Wanneer die R.S.A. in Maart in Kaapstad aankom, sal die span wat die afgelope jaar op die basis deurgebring het, op die skip wees.

Die span kan weekliks per radio briewe aan familielede versend en een keer per maand per radio regstreeks met hul familie praat.